



# NG Gemeente Rondebosch

Derryweg 2, Rondebosch

Ons is 'n inklusiewe familie wat met oop deure jubelend na die gemeenskap uitreik.

We are an inclusive family which reaches out to our community with joy and with open doors.

## Die Bulletin

**Tel:** 021 686 4315 **E-pos:** ngkrbos@mweb.co.za facebook.com/ngrondebosch  
**ABSA Claremont, Rek:** 2870141125, **Branch:** 632005 **Swift Code:** ABSAZAJJ

### PROGRAM VIR DIE WEEK 18 Julie 2021

*Baie welkom by ons Erediens. Ons dienste word ook om 10:00 regstreeks op NG Rondebosch se Facebookblad en Zoom uitgesaai.*

*Die Zoom-skakel sal nou telkens dieselfde wees, behalwe wanneer InVia die diens lei.*

**<https://us02web.zoom.us/j/83804447977?pwd=Y2M2U2h4YlJkdFhkbzE4T0RiMDZxQT09>**

Meeting ID: 838 0444 7977

Passcode: 691201

**Zoom:** Dr Johan van den Heever  
**Teks:** 2 Samuel 7:1-14 (15-29)  
**Tema:** Sal ons weer ons harte vind?

Liewe gemeente

Die gebeure van die afgelope week is uiters ontstellend. Wat moet ons nou nog tref? Ek het die afgelope meer as 'n jaar aanmekaar vir myself die woorde van Thomas Merton herhaal: "In tye van swaarkry, het jy net stilte en die Sakrament nodig." Ek beseft meer as ooit dat innerlike vrede net van die Here kom. Daarom is dit so nodig dat jy jou tyd van inperking ook sal benut as 'n tyd om by die Here te kan sit. Moet nie video's wat geweld bevat deel nie. Moet ook nie ure voor die TV sit en na dié beelde kyk nie. Nee, ons leef nie in ontkenning nie, maar om deurgaans jousef aan geweldstonele te wil blootstel, help niks vir jou innerlike vrede nie. Hou jou hart sag en in vrede.

Ons is natuurlik nog steeds ingeperk; wat beteken die gouste wat ons weer in-persoon eredienste gaan hervat, is moontlik 1 Augustus, afhangende van wat die President op 25 Julie aankondig.

Ons het sedert die Staat van inperking verlede jaar April in werking getree het, meer as R25 000 spandeer om ons lidmate wat in hierdie tyd die effek van die inperking direk beleef het, te ondersteun. Die hulp het ingesluit: kos, aankoopbewyse van koswinkels, elektrisiteits-aankope en ook ondersteuning aan die Brandweer gedurende die brande vroeër vanjaar. Daardie geld het uit ons hulpfonds gekom wat spesifiek vir dié doel op die been gebring was. Dankie vir almal wat ook gereeld 'n bydrae tot die fonds maak.

Ek lees weer die week die volgende uit Etty Hillesum se dagboek: "Ek het 'n bevrydende gedagte gehad. Dit het soos 'n huiwerende, teer jong grassprietjie wat sy weg deur 'n woestyn van onkruid vind, in my binneste ontspring: As daar net een ordentlike Duitser was, dan moet hy, ondanks daardie totale barbaarse bende, gekoester word. Vanweë daardie een ordentlike Duitser is dit verkeerd om ons haat oor 'n hele Duitse volk uit te stort. Dit beteken nie dat jy halfhartig hoef te wees nie. Intendeel, jy moet standpunt inneem. Soms moet jy verontwaardig wees, jy moet probeer om tot die kern van die saak deur te dring. Maar haat teenoor alle Duitsers is die ergste ding wat daar kan wees. Dit is 'n siekte van die siel. Haat lê nie in my geaardheid nie. Wanneer dinge so verander dat ek alle mense begin haat, sou ek weet dat my siel siek geword het en dat ek so gou as moontlik na heling moet soek." (An Interrupted Life THE DIARIES, 1941-1943 and Letters from Westerbork)

Groete in Christus wat gesê het: "Vrede vir julle!"  
Dr Johan van den Heever

#### Vetkoek en Maalvleis: 6 Augustus @ R25 elk

Ons inkomste van die vetkoek-verkope gaan ten opsigte van ons jaarlikse "Basaar-inkomste." Dankie vir elkeen wat ons Kerrie en Rys verkoping ondersteun het. Elke bietjie help. Ons gaan so voortgaan, om een keer per maand, 'n wegneemete te verkoop. As jy nie vetkoek eet nie en steeds wil bydra, is jy welkom!



**VETKOEK  
EN MAALVLEIS**

Vrydag: 6 Augustus

**R25 elk**

Plaas jou bestelling so  
gou moontlik.

Ester 083 664 6340

Koos 083 765 3302

## Herstel aan Kerkgebou

Ons vergader eerskomende Dinsdag, 20 Julie, om te besluit watter kontrakteur die herstelwerk sal doen. Ons hou julle op hoogte van die vordering. Indien jy sou wou bydra ten opsigte van hierdie projek, kan jy die woord "Boufonds" as verwysing gebruik. Kontak gerus die kerkkantoor vir meer inligting.

18 Julie 2021 Agtste week in Koninkrykstyd	Efes 2:11-22	Lewe uit die dood
	2 Sam 7:1-14a	Dawid wil vir die Here 'n huis bou
	Ps 89:20-37	Die hemel loof u wondermag
	Mark 6:30-34, 53-56	Jesus kry 'n skare jammer en genees mense in Gennesaret

## Gebedsversoeke vir die week:

Neill Marais (Snr) - kanker

Die roudiens van **Arnorld Louw** vind op Vrydag, 23 Julie, om 10:00 vanuit die kerkgebou plaas. Laat weet asb die kerkkantoor as jy die diens gaan bywoon.

## Bydraes vir Julie 2021

### Dankoffers:

R24 071

(Mikpunt: R54 000)

### Erediensoffers:

R 250

(Mikpunt: R12 000)



*Baie dankie vir elkeen se bydrae. Met die nuwe inperking daal ons kontant Erediensoffers. Indien moontlik, sal jy oorweeg om steeds jou Erediensoffer en Deuroffers, via SnapScan of EFT in ons rekening in te betaal. Ons rekening-besonderhede verskyn op die voorblad van ons Bulletin en Rondebosserie.*

*Mag die Here julle seën.*

## Verjaarsdae vir die week

Louise Kleynscheldt	18 Julie
Deblëssé Smit	21 Julie
Hester Louw	22 Julie
Wendy Schoon	23 Julie

*Baie geluk! Mag die Here julle seën.*

## Program vir die Week

### Dinsdag

18:00 Steundienstevergadering

Junie  
2021

# TERUGVOERING



## Die "Woeker-Wekker" lui!

Ons versoek vir Juliemaand is dat gemeentede hul projekte met ons deel, sodat NG Rondebosch finansiëel kan bydra. Die beginsels is as volg: Dié projek moet oor mense in nood gaan. 'n Gemeentelid moet dan saamloop en deurgaans oor die projek verslag doen.

Kom ons maak 'n verskil!

Skakel gerus ons kantoorpersoneel vir meer inligting.